NATIONAL ENERGY REGULATOR OF SOUTH AFRICA

HANDLEIDING VIR PAIA EN POPI-WET

WEERGAWE 3

VOORBEREI INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WETNR. 2 VAN 2000) OM VEREISTES VAN DIE WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, 2013 (POPI-WET), AAN TE SPREEK.

	Gewysig deur	Hersien deur	Aanbeveel deur	Goedgekeur deur
Naam	Me. P Nkosi	Me. T Jamba	Me. F Harrison	Adv. Nomalanga Sithole
Betiteling	Kennisbestuurder	HVD: IHB	Waarnemende Uitvoerende Bestuurder	Hoof uitvoerende beampte (HUB)
Afdeling/ departement/ eenheid	Inligtingshulpbron-bestuur	Inligtingshulpbron-bestuur	Korporatiewe dienste	HUB se kantoor
Handtekening	*PNkosi*	*TJamba*	*Fiona Harrison*	P.P. Lufuno Nematswerani
Datum	30 Mei 2023	31 Mei 2023	2 Junie 2023	05/06/2023

Verwante beleide en prosedures
Rekordbestuursbeleid
Retensieskedule en verkoopsgesag vir rekordbestuur
NERSA se sekuriteitsbeleid
IKT-databeskermingsbeleid
Gebruikersrekeningbestuursbeleid
Eindverbruiker-gebruiksbeleid
NERSA se taalbeleid

RACI-matriks

	Verantwoordelik	Aanspreeklik	Geraadpleeg	Ingelig
HUB		X		
UB: KD	X			
SNR: ROE	X			
HVD: IHB	X			
Kennisbestuurder	X			
Lynbestuurders				

WYSIGINGSGESKIEDENIS

Toepaslik vanaf	Gewysig deur	Hersien deur	Aanbeveel deur	Goedgekeur deur
2016	Me. P Nkosi	Me. T Jamba	Adv. N Sithole	Mnr. C Forlee
2023	Me. P Nkosi	Me. T Jamba	Me. F Harrison	Adv. N Sithole

Inhoudsopgawe

(i) AANHEF 4
(ii) WOORDELYS EN OMSKRYWINGS 5
(iii) DOEL VAN DIE HANDLEIDING....8
1. HOOFSTUK 1:STRUKTUUR 9
2 HOOFSTUK 2: KONTAKBESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTES20
3. HOOFSTUK 3: GIDS OOR HOE OM DIE HANDLEIDING TE GEBRUIK.21
4. HOOFSTUK 4: TOEGANG TOT REKORDS 22
5. HOOFSTUK 5: BESKIKBARE DIENSTE....27
6. HOOFSTUK 6: REËLING VIR DIE TOELATING VAN OPENBARE DEELNAME IN DIE UITVOER VAN NERSA SE MANDAAT....30
7. HOOFSTUK 7: INLIGTING AANGAANDE DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING SOOS IN ARTIKEL 14(1)(C) VAN PAIA OORWEEG 32
8. HOOFSTUK 8: ALLERLEI 36
BYLAAG 1....38
FOOIE TEN AANSIEN VAN OPENBARE LIGGAME 38
BYLAAG 2....40
VORM A....40
BYLAAG 3....45
VORM B....45

(i) AANHEF

Regsbasis en agtergrond vir die handleiding

GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1996.

Die reg tot toegang tot inligting word in Artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ('die Grondwet') vervat, soos volg:

(1) Elkeen het die reg op toegang tot –

(a) enige inligting wat deur die staat gehou word; en

(b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.

(2) Nasionale wetgewing moet verorden word om hierdie reg gevolg te gee, en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000

Die Grondwet, soos hierbo genoem, maak daarvoor voorsiening dat nasionale wetgewing verorden moet word om uiting aan die reg van toegang tot inligting, te gee.

Die nasionale wetgewing wat verorden is om uiting aan dié reg te gee is die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wetnr. 2 van 2000) (PAIA of 'die Wet").

PAIA erken egter dat sodanige reg tot toegang tot inligting aan geregverdigde beperkings onderworpe is en poog om die versoeker se grondwetlike reg tot inligting te balanseer met die inligtingsbeampte se reg om toegang tot inligting op enige gronde wat in deel 2, hoofstuk 4 van PAIA gestel, te weier. Sodanige beperkings word in die **PAIA** en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wetnr. 4 van 2013) (**POPI-wet**) erken, aangesien hulle omstandighede spesifiseer waaronder daar beperkte toegang tot inligting in die staat se besit, sou wees.

Artikel 14(1) van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting[1] maak daarvoor voorsiening dat die inligtingsbeampte van die betrokke liggaam, binne ses maande na die inwerkingtreding van dié Artikel of die vestiging van 'n staatsliggaam, die handleiding in minstens drie (3) amptelik tale

[1] 2 van 2002

moet opstel. Die handleiding moet, onder andere, die struktuur en funksies van die staatsliggaam, asook die indeks van rekords in die staatsliggaam se besit, bevat. Artikel 14(2) van die Wet[2] maak ook daarvoor voorsiening dat ’n staatsliggaam, indien nodig, sy handleiding in tydperke van nie meer as een jaar nie, moet opdateer en publiseer. Laastens, Artikel 14(3) maak daarvoor voorsiening dat elke handleiding soos in Artikel 14(1) van die Wet voorgeskryf, gemaak moet word.[3]

(ii) WOORDELYS EN OMSKRYWINGS

TERMINOLOGIE	BESKRYWING
Datapersoon	Die persoon waarmee die persoonlike inligting verband hou
Dokument	Enige nota of geskrif, hetsy per hand geskryf, gedruk of getik of deur enige soortgelyke proses in tasbare of elektroniese vorm. Enige afskrif, plan, skets of fotografiese of ander verteenwoordiging van enige plek of artikel
Gids	Die gids oor hoe om PAIA te gebruik deur enige persoon wat enige reg soos in PAIA en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wetnr. 4 van 2013), soos in Artikel 10 van die PAIA oorweeg, wil uitoefen.
Inligtingsbeampte	NERSA HUB
Inligtingsreguleerder	Die inligtingsreguleerder wat ingevolge Artikel 39 van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting van 2013 gevestig is.
Persoonlike inligting	Inligting wat verband hou met ’n herkenbare, lewende, natuurlike persoon, insluitend: - ras, gender, geslag, swangerskap, huwelikstatus, nasionale of etniese oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, fisiese of geestesgesondheid, gestremdheid, godsdiens, geloof, kultuur, taal en geboorte van ’n persoon - opvoeding, mediese, finansiële, kriminele of werksgeskiedenis - enige identifiserende nommer, simbool, e-posadres, straatadres, telefoonnommer, liggginginligting,

[2] *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wetnr.2 van 2002.*
[3] Artikel 14(3) en 14(1) van die *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wetnr.2 van 2002*

TERMINOLOGIE	BESKRYWING
	aanlynidentifikasie of ander spesifieke toewysing aan die persoon - biometriese inligting van ’n persoon - die naam van die persoon as dit saam met ander persoonlike inligting verband aan die persoon verskyn of as die bekendmaking van die naam self inligting oor die persoon sou openbaar - korrespondensie deur die persoon gestuur wat implisiet of eksplisiet van ’n private of vertroulike aard is
Persoonlike versoeker	Die persoon wat toegang tot ’n rekord versoek wat persoonlike inligting oor die versoeker bevat
Openbare liggaam	Versoek inligting in die openbare belang
Rekord	’n Rekord is bewyse van ’n besigheidstransaksie (geskep of ontvang) in sy finale manifestasie, nadat dit aanvanklik as ’n dokument geskep is, soos in die Wet op Nasionale Argief en Rekorddiens van 1996 voorsien <u>’n Besigheidstransaksie kan:</u> • dokumentasie van aksies insluit • geleenthede • gesprekke of ander transaksies waar hulle bewyse van aanbevelings of besluite lewer (korrespondensie van vergaderings) • rekords van gesprekke en telefoonoproepe • faksimilees • e-posse • ander kommunikasie
Rekordbestuur	’n Proses om die geskikte skep, onderhoud, gebruik en verwydering van rekords regdeur hul lewensiklus te verseker om doeltreffende, deursigtige en verantwoordbare beheer, te bereik.
Versoek	’n Versoek vir toegang tot ’n rekord van NERSA
Versoeker	Enige persoon (anders as ’n openbare liggaam oorweeg in

TERMINOLOGIE	BESKRYWING
	paragraaf (a) of (b)(i) van die omskrywing van 'openbare liggaam' in PAIA, of 'n amptenaar daarvan) wat toegang tot 'n rekord van NERSA versoek en behels enige persoon wat namens daardie persoon of versoeker optree
Behoudingstydperk	Die lengte van wettig vereiste tyd wat rekords in argiefbewaring gehou sal word voordat dit vernietig word.
Herwinning van rekords	Verwys na hoe daar toegang tot rekords verkry word en hulle beskikbaarheid vir toegang wanneer hulle vereis word
Skandering van rekords	Omskakeling van uitgedrukte rekords na 'n elektroniese formaat (PDF) om te verseker dat die rekord vir sy hele behoudingstydperk eg, betroubaar en bruikbaar bly. Omskakeling is 'n proses om rekords van een formaat na 'n ander te verander
Tanzwana-stelsel	'n Microsoft webgebaseerde (SharePoint) platform wat gebruik word vir medewerking en die beheer van elektroniese dokumente en rekords
Derdepartyversoeker	'n Persoon wat inligting oor 'n ander persoon versoek

AFKORTINGS

Afkorting	Beskrywing
AIB	Adjunkinligtingsbeampte
ER	Energiereguleerder
GRD	Geregtelike raadgewende dienste
HUB	Hoof uitvoerende beampte
HvD	Hoof van Departement
IB	Inligtingsbeampte
IHB	Inligtingshulpbronbestuur
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
IR	Inligtingsreguleerder
ISO	Internasionale organisasie vir standaardisasie
MISS	Minimum inligtingsekuriteitstandaard

NERSA	Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika
PAIA	Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wetnr. 2 van 2000)
POPI-wet	Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wetnr. 4 van 2013)
RBK	Rekordbestuursentrum
SAMRK	Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie

(iii) DOEL VAN DIE HANDLEIDING

Dit is nodig, om die doeltreffende bestuur van openbare liggame te bevorder, om te verseker dat almal bemagtig en opgelei is om hul regte ingevolge die Wet te begryp.

Die handleiding het ten doel om ’n kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid te kweek deur uitvoering aan die reg tot inligting te gee wat vereis word om enige reg uit te voer of te beskerm en om ’n samelewing te bevorder waar die mense van Suid-Afrika doeltreffende toegang tot inligting het om hulle in staat te stel om hulle regte ten volle uit te voer en te beskerm.

Dié handleiding beoog om ’n breë, dog omvattende gids te verskaf wat die persoon wat toegang tot inligting versoek (‘die versoeker’) in staat sal stel om die rekords waarop hy/sy op geregtig is op ’n vinnige, maklike en toeganklike wyse te verkry met inagneming van NERSA se visie- en missiestellings, wat die volgende is:

NERSA se visie

Om ’n erkende wêreldklasleier in energieregulering te wees

NERSA se missie

Om die energiebedryf ingevolge regeringswette en -beleide, standaarde en internasionale beste praktyke te reguleer, ter ondersteuning van volhoubare en ordelike ontwikkeling

Artikel 9 (b)(i) van die Wet[4] erken egter dat sodanige reg tot toegang tot inligting nie onbeperk kan wees nie en onderhewig aan geregverdigde beperkings behoort te wees, waaronder, maar nie beperk tot nie, die beperkings wat op die redelike beskerming van die volgende gemik is:

- privaatheid;
- kommersiële vertroulikheid;
- doeltreffende, doelmatige en goeie bestuur.

HOOFSTUK 1

1. STRUKTUUR

1.1 STRUKTUUR VAN NERSA

Die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) is die regulerende owerheid van die Republiek van Suid-Afrika se energie-industrie. NERSA is 'n statutêre owerheid wat ingevolge Artikel 3 van die Wet op die Nasionale Energiereguleerder, 2004 (Wetnr. 40 van 2004) gestig is.

NERSA se mandaat behels, ingevolge die Wet op Elektrisiteitsregulering, 2006 (Wetnr. 4 van 2006) ('die Wet op Wet op Elektrisiteitsregulering'), die Gaswet (Wetnr. 48 van 2001) ('die Gaswet') en die Wet op Petroleumpyplyne (Wetnr. 60 van 2003) ('die Wet op Petroleumpyplyne'), die regulering van die elektrisiteits-, pyplyngas- en petroleumpyplynbedrywe.

NERSA se struktuur het sewe afdelings, waarvan drie regulerend en vier ondersteunend is. Die afdelings word deur uitvoerende bestuurders bestuur en die departemente in dié afdelings word deur hoofde van departemente bestuur. Daar is gespesialiseerde eenhede in die struktuur wat deur senior bestuurders bestuur word.

Die drie regulerende bedrywe is soos volg:

- Elektrisiteitsreguleringsafdeling wat uit die volgende departemente bestaan:
  - Elektrisiteitslisensiëring, -nakoming en -geskilbeslegting
  - Elektrisiteitsprysbepaling en -tariewe
  - Elektrisiteitsinfrastruktuurbeplanning

[4] *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wetnr.2 van 2002.*

- Pyplyngasreguleringsafdeling wat uit die volgende departemente bestaan:
  - Gas lisensiëring, -nakoming en -geskilbeslegting
  - Gasprysbepaling en -tariewe
  - Gasmededinging en markanalise.
- Petroleumpyplynreguleringsafdeling wat uit die volgende departemente bestaan:
  - Petroleumpyplynlisensiëring, -nakoming en geskilbeslegting
  - Petroleumpyplyntariewe.

Die ondersteuningsafdelings is soos volg:

- Korporatiewe dienste-afdeling wat uit die volgende departemente bestaan:
  - Kommunikasie en belanghebbendesbestuur
  - Regsraadgewende dienste
  - Internasionale koördinasie en vennootskappe
  - Inligtingshulpbronbestuur
- Menslike hulpbronbestuursafdeling wat uit die volgende bestaan:
  - Menslike hulpbronwaardeskepping
  - Menslike hulpbrontransaksies.
- Finansies- en administrasie-afdeling wat uit die volgende bestaan:
  - Finansiële bestuur en beheer
  - VKB/fasiliteite/projekte.
- Spesiale ondersteuningseenhede wat uit die volgende bestaan:
  - HUB se Kantoor
  - Reguleerderondersteuning
  - Regulerende analise en navorsing
  - Inligting- en Kommunikasietegnologie
  - Strategiese beplanning en kontrole
  - Interne ouditeenheid.

'n Volledige organogram van die struktuur is op die volgende bladsy.

1.2 SKEMATIESE DIAGRAM VAN DIE STRUKTUUR (ORGANOGRAM VAN NERSA)



1.3 INSTITUSIONELE STRUKTUUR

1.3.1 Die reguleerderlede

Die Minister van Energie stel ingevolge Artikel 5 van die Wet op die Nasionale Energiereguleerder, nege reguleerderlede aan.

1.3.1.1 Van die nege reguleerderlede:

- is vier voltydse reguleerderlede (VR'e) en beklee die amp vir 'n tydperk van vyf jaar; en
- is vyf deeltydse reguleerderlede (DR'e) en beklee die amp vir 'n tydperk van vier jaar.

1.3.1.2 Die voorsitter en adjunk-voorsitter is deeltydse reguleerderlede.

1.3.1.3 Die voltydse reguleerderlede is:

- Die Hoof Uitvoerende Beampte; en
- drie lede, elkeen hoofsaaklik en onderskeidelik verantwoordelik vir die regulering van elektrisiteit, pyplyngas en petroleumpyplyne.

1.3.2 Regulerende subkomitees

Die energiereguleerder mag, met verwysing na Artikel 8(10) van die Wet op die Nasionale Energiereguleerder, [5] subkomitees van sy lede stig om aangewysde funksies te vervul. Regulerende subkomitees is oop vir die publiek, tensy vertroulike sake oorweeg gaan word. Die subkomitees is soos volg:

1.3.2.1 <u>Elektrisiteitsubkomitee (ES)</u>

- Ses lede (al die vier VR'e en twee DR'e)
- Onder die voorsitterskap van die VR vir elektrisiteitsregulering
- Maandelikse vergaderings

1.3.2.2 <u>Pyplyngas-subkomitee (PS)</u>

- Ses lede (al die vier VR'e en twee DR'e)
- Onder die voorsitterskap van die VR vir pypgasregulering
- Maandelikse vergaderings

1.3.2.3 Petroleumpyplynsubkomitee (PPS)

- Ses lede (al die vier VR'e en twee DR'e)
- Onder die voorsitterskap van die VR vir petroleumpyplynregulasie
- Maandelikse vergaderings

1.3.3 Dwarssnydende subkomitees

1.3.3.1 Reguleerder se uitvoerende komitee (RUK)

- Vier lede — al vier VR'e
- Voorsitter is die HUB
- Vergaderings twee keer per maand
- Komitee oorweeg regulerende aktiwiteite soos afgevaardig deur die energiereguleerder in die afvaardigingsmatriks, asook bestuursake

1.3.4 Bestuurskomitees — nie oop vir die publiek nie:

1.3.4.1 Menslike hulpbron- en vergoedingskomitee (MHVK)

- Vyf lede — twee VR'e, twee DR'e en een eksterne lid
- Onder die voorsitterskap van 'n deeltydse reguleerderlid
- Vergader kwartaalliks

1.3.4.2 Finansieskomitee (FK)

- Vyf lede — twee VR'e, twee DR'e en een eksterne lid
- Onder die voorsitterskap van 'n deeltydse reguleerderlid
- Vergader kwartaalliks

1.3.4.3 Oudit- en risikokomitee (ORK)

- Ses lede — twee DR'e, twee eksterne lede en twee genooides
- Onder die voorsitterskap van 'n deeltydse reguleerderlid of 'n eksterne lid
- Voorsitter van die energiereguleerder en die HUB is genooides
- Vergader kwartaalliks

1.3.4.4 Komitee vir inligting- en kommunikasietegnologiebestuur (KITB)

- Vyf lede — twee VR'e, een DR en twee eksterne lede
- Onder die voorsitterskap van 'n deeltydse reguleerderlid
- Vergader kwartaalliks

1.4 NERSA SE FUNKSIES EN DIENSTE

1.4.1 GRONDWETLIKE MANDAAT

1.4.1.1 Die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika is ingevolge Bylaag 3A van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wetnr. 1 van 1999) as ’n openbare entiteit gelys.

1.4.1.2 NERSA word deur die Grondwet van Suid-Afrika, in die besonder deur die Handves van Regte, gelei wanneer hy sy bedrywighede uitvoer.

1.4.1.3 NERSA se verantwoordelikheid word uitgevoer deur lisensiëring, die vasstelling of goedkeuring van pryse en tariewe, nakomingskontrole en -toepassing, en geskilbeslegting in die elektrisiteits-, pyplyngas- en petroleumpyplynbedrywe. Hy vergemaklik, deur sy regulerende funksies, die bou van kragstasies, pyplyne en bergingsfasiliteite om voortgesette toegang tot energie en sekerheid van toevoer in die land te verseker. NERSA se toewyding aan die beskerming van die omgewing en die ontwikkeling van ’n skoner, hulpbrondoeltreffender vervaardiging van energie is in sy regulerende funksies ingebou.

1.5 WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE

1.5.1 Toepaslike wetgewing

1.5.1.1 NERSA is die regulerende owerheid wat ingevolge die Wet op die Nasionale Energiereguleerder, 2004 (Wetnr. 40 van 2004), gestig is, met die mandaat om ‘die funksies van die Nasionale Energiereguleerder soos uiteengesit in die Wet op Elektrisiteitsregulering, 2006 (Wetnr. 4 van 2006) te onderneem, om die funksies van die gasreguleerder soos uiteengesit in die Gaswet, 2001 (Wetnr. 48 van 2001) te onderneem, om die funksies van die petroleumpyplynregulerende owerheid soos uiteengesit in die Wet op Petroleumpyplyne, 2003 (Wetnr. 60 van 2003) te onderneem en sodanige ander funksies wat deur of ingevolge dié wette aan hom toegewys mag word, uit te voer’..

1.5.1.2 NERSA se mandaat word in die volgende vier primêre wette geanker:

- Die Wet op die Nasionale Energiereguleerder, 2004 (Wetnr. 40 van 2004)
- Die Wet op Elektrisiteitsregulering, 2006 (Wetnr. 4 van 2006) (WER)

- Die Gaswet, 2001 (Wetnr. 48 van 2001)
- Die Wet op Petroleumpyplyne, 2003 (Wetnr. 60 van 2003).

1.5.1.3 Die regulerende funksies van NERSA soos vervat in die wetgewing wat toepaslik vir die regulering van die energiebedryf is, word soos volg opgesom:

- Om lisensies met voorwaardes uit te reik
- Om tariewe en pryse vas te stel en/of goed te keur
- Om nakoming van lisensievoorwaardes te kontroleer en toe te pas
- Geskilbeslegting, waaronder bemiddeling, arbitrasie en die hantering van klagtes
- Om nywerheidsinligting te versamel, te stoor en te versprei
- Om reëls, riglyne en kodes vir die regulasie van die drie bedrywe te stel
- Om voorwaardes vir verskaffing en toepaslike standaarde te bepaal
- Om regeringsdepartemente en ander liggame aangaande bedryfsontwikkeling en oor enige saak wat in die drie bedryfswette oorweeg word, te raadpleeg
- Om grond, soos nodig, te onteien om aan die doelwitte van die toepaslike wetgewing te voldoen
- Registrasie van invoer- en produksiefasiliteite
- Enige aktiwiteit wat met die uitvoer van sy pligte gepaardgaan.

1.5.1.4 Elke bedryfspesifieke wet waarvan NERSA se mandaat afkomstig is, het sekere oogmerke wat bereik moet word as NERSA sy funksies, soos in dié wette omskryf, uitvoer.

a) Die oogmerke van die Wet op Elektrisiteitsregulering, soos in Artikel 2 bepaal, is om:

- die doeltreffende, doelmatige, volhoubare en ordelike ontwikkeling en bedryf van elektrisiteitsverskaffingsinfrastruktuur in Suid-Afrika te bereik;
- te verseker dat die belange en behoeftes van huidige en toekomstige elektrisiteitskopers en eindverbruikers beskerm en aan voldoen word, met inagneming van die bestuur, doeltreffendheid, doelmatigheid en langtermynvolhoubaarheid van die elektrisiteitsverskaffingsbedryf binne die breër konteks van ekonomiese energieregulering in die Republiek;
- belegging in die elektrisiteitsverskaffingsbedryf te vergemaklik;

- universele toegang tot elektrisiteit te vergemaklik;
- die gebruik van diverse energiebronne en energiedoeltreffendheid te bevorder;
- mededingendheid en koper- en eindverbruikerskeuse te bevorder; en
- 'n regverdige balans tussen die belange van kopers en eindverbruikers, gelisensieerdes, beleggers in die elektrisiteitsverskaffingsbedryf en die publiek, te vergemaklik.

b) Die oogmerke van die Gaswet, soos in Artikel 2 bepaal, is om:
- die doeltreffende, doelmatige, volhoubare en ordelike ontwikkeling en bestuur van fasiliteite vir gasgeleiding, -berging, -verspreiding, -vloeibaarmaking en -hervergassing en die verskaffing van doeltreffende, doelmatige en volhoubare dienste vir gasgeleiding, -berging, -verspreiding, -vloeibaarmaking, -hervergassing en -handel te verskaf;
- belegging in die gasverskaffingsbedryf te vergemaklik;
- die veilige, doeltreffende, ekonomiese en omgewingsverantwoordelike geleiding, verspreiding, berging, vloeibaarmaking en hervergassing van gas te verseker;
- maatskappye in die gasbedryf wat deur histories benadeelde Suid-Afrikaners besit word deur middel van lisensievoorwaardes te bevorder om hulle sodoende in staat te stel om mededingend te word;
- te verseker dat dienste vir gasgeleidings, -bergings-, -verspreidings-, -handel, en -hervergassing op gelyke basis verskaf word en dat die belange en behoeftes van alle betrokke partye in ag geneem word.
- vaardigheidsontwikkeling onder werknemers in die gasbedryf te bevorder;
- indiensnamegelykheid in die gasbedryf te bevorder;
- die ontwikkeling van mededingende markte vir gas en gasdienste te bevorder;
- gashandel tussen die Republiek en ander lande te vergemaklik; en
- toegang tot gas op bekostigbare en veilige wyse te bevorder.

c) Die oogmerke van die Wet op Petroleumpyplyne, soos in Artikel 2 bepaal, is om:
- mededinging in die bou en bedryf van petroleumpyplyne, -laaifasiliteite en bergingsfasiliteite te bevorder;

- die doeltreffende, doelmatige, volhoubare en ordelike ontwikkeling, bedryf en gebruik van petroleumpyplyne, -laaifasiliteite en -bergingsfasiliteite, te bevorder;
- die veilige, doeltreffende, ekonomiese en omgewingsverantwoordelike vervoer, laai en berging van petroleum te verseker;
- gelyke toegang tot petroleumpyplyne, laai- en bergingsfasiliteite te bevorder;
- belegging in die petroleumpyplynbedryf te vergemaklik;
- voorsiening te maak vir die veiligheid van petroleumpyplyne en verwante infrastruktuur;
- maatskappye in die petroleumpyplynbedryf wat deur histories benadeelde Suid-Afrikaners besit of beheer word deur middel van lisensievoorwaardes te bevorder om hulle sodoende in staat te stel om mededingend te word;
- die ontwikkeling van mededingende markte vir petroleumprodukte te bevorder;
- toegang tot bekostigbare petroleumprodukte te bevorder; en
- ’n gepaste voorraad van petroleum te verseker om aan markvereistes te voldoen.

d) Die oogmerk van die Wet op die Nasionale Energiereguleerder, soos in Artikel 1 vasgestel, is om ’n Nasionale Energiereguleerder vir die regulering van die elektrisiteits-, pyplyngas- en petroleumpyplynbedrywe, te stig.

1.5.1.5 Die Wet op Elektrisiteitsregulering, die Gaswet en die Wet op Petroleumpyplyne gee aan die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie (‘die Minister’) die mag om regulasies te maak waarvolgens NERSA sy mandaat moet uitvoer.

a) Die Minister het die volgende elektrisiteitsbedryfregulasies gepubliseer:
   - Die elektrisiteitsregulasies vir onteiening namens ’n lisensiehouer
   - Die elektrisiteitsregulasies vir verpligte norme en standaarde vir netwerkdienste
   - Die elektrisiteitsregulasies oor afwyking van gestelde of goedgekeurde tariewe
   - Die hersiene nuwe opwekkingsregulasies is op 4 Mei 2011, uitgereik.

b) Die Minister het die pypgasbedryfsregulasies op 20 April 2007 gepubliseer, wat, onder andere, oor die volgende handel:
   - derdepartytoegang tot geleidings- en bergingsfasiliteite;
   - onteieningsprosedures en -tydlyne;
   - meganismes om histories benadeelde Suid-Afrikaners te bevorder;
   - bemiddeling- en arbitrasieprosedures; en
   - prysreguleringsbeginsels en -prosedures.

c) Die Minister het die petroleumpyplynbedryfsregulasies op 4 April 2008 gepubliseer. Die regulasies handel, onder andere, oor:
   - derdepartytoegang tot bergingsfasiliteite;
   - die vasstel van tariewe vir petroleumpyplyne en goedkeuring van tariewe vir petroleumlaai- en bergingsfasiliteite;
   - onteieningsprosedures en -tydlyne;
   - meganismes om histories benadeelde Suid-Afrikaners te bevorder; en
   - bemiddeling- en arbitrasieprosedures.

1.5.1.6 NERSA verkry sy inkomste deur, onder andere, voorgeskrewe heffings op die gereguleerde bedrywe op te lê deur ’n voorgeskrewe, deursigtige prosedure te volg. Die volgende Wette beheer in dié opsig die oplegging van sodanige heffings:
   - Die Wet op Heffings op Gasreguleerders, 2002 (Wetnr. 75 van 2002);
   - Die Wet op Heffings op Petroleumpyplyne, 2004 (Wetnr. 28 van 2004); en
   - Die Elektrisiteitswet, 1987 (Wetnr. 41 van 1987), Artikel 5B.

1.5.1.7 Die volgende fasiliterende en fundamentele wetgewende voorskrifte is, buiten die bogenoemde bedryfspesifieke wetgewing wat NERSA se mandaat en die oplegging van heffings veranker, ook van toepassing op NERSA se bedrywighede:
   - Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wetnr. 1 van 1999) (WOFB), wat die rekeningwese van NERSA as ’n openbare entiteit ingevolge Artikel 3A, in besonderhede noem
   - Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wetnr. 2 van 2000) (PAIA), wat die wyse waarop NERSA toegang tot inligting moet hanteer, bepaal

- Die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wetnr. 3 van 2000) (PAJA), wat geregtelike optrede van NERSA bepaal
- Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wetnr. 4 van 2013), wat die wyse waarop NERSA persoonlike inligting moet hanteer, bepaal
- Alle ander toepaslike wette van die Republiek van Suid-Afrika.

1.5.2 TOEPASLIKE BELEIDE

NERSA se mandaat spruit verder uit gepubliseerde regeringsbeleide en -regulasies wat ingevolge die Wet op Elektrisiteitsregulering, Gaswet en Wet op Petroleumpyplyne deur die Minister ontwikkel is. NERSA moet, soos in dié wetgewende voorskrifte uiteengesit, besluite neem wat in ooreenstemming met gepubliseerde regeringsbeleid is. Die tersaaklike beleide is soos volg:

- Witskrif oor energiebeleid vir Suid-Afrika van 1998
- Elektrisiteitsprysbepalingsbeleid (EPBB) van die Suid-Afrikaanse elektrisiteitsverskaffingsbedryf
- Gratis basiese elektrisiteitsbeleid
- Witskrif oor hernubare energiebeleid vir Suid-Afrika van 2003
- Energieveiligheidsmeesterplan: Vloeistofbrandstowwe in 1998 en 2007 deur die Departement van Energie gepubliseer
- Nasionale ontwikkelingsplan
- Bedryfsbeleidaksieplan (BBAP)
- Geïntegreerde hulpbronplan (GHP) 2019.

HOOFSTUK 2

2 KONTAKBESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTES

1. Inligtingsbeampte

Hoof uitvoerende beampte van die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA)
Tel.: +27 12 401 4620

2. Adjunkinligtingsbeampte

Kennisbestuurder van die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA)
E-pos: paia@nersa.org.za
Tel.: +27 12 401 4600/4723

3. Straatadres

Kulawula-huis
Madibastraat 526
Arcadia
0083
Pretoria
Suid-Afrika

4. Posadres

Posbus 40343
Arcadia
0007
Pretoria
Suid-Afrika

5. Faksnommer:

+27 12 401 4700

HOOFSTUK 3

GIDS OOR HOE OM DIE HANDLEIDING TE GEBRUIK

Die Inligtingsreguleerder het ingevolge Artikel 10(1) van PAIA, soos gewysig, die PAIA gids opgedateer, soos aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK), saamgestel. Die doel van die gids is om inligting te verskaf wat benodig word deur enige persoon wat enige reg soos in PAIA en die POPI-wet oorweeg wil uitoefen, terwyl die doel van die handleiding is om 'n individu op doeltreffende en doelmatige wyse te help wat toegang tot inligting in NERSA se besit, wil verkry. Die gids oor hoe om die PAIA te gebruik kan by die inligtingsreguleerder se kantoor verkry word.

Enige navrae wat daaraan verwant is, kan gerig word aan:

Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika)
Posbus 31533
Braamfontein
Johannesburg
2017

Tel.nr.: +27 10 023 5207

E-pos: inforeg@justice.gov.za

Webwerf: www.inforegulator.org.za

HOOFSTUK 4

4. TOEGANG TOT REKORDS

Die volgende stap moet oorweeg word voordat 'n versoek gerig word

Stap 1: Bestaan die versoekte inligting in die vorm van 'n rekord?

- Neem asseblief kennis dat PAIA slegs toepaslik is op rekords wat ten tyde van die ontvangs van die versoek, bestaan.
- PAIA verplig niemand om 'n rekord te skep wat nog nie bestaan, wanneer die versoek gerig word nie. Byvoorbeeld, PAIA kan nie gebruik word om redes vir 'n besluit deur NERSA te verkry, as sodanige redes nog nie opgeteken is nie.
- Dui asseblief op die toepaslike versoekvorm aan NERSA aan, indien daar onsekerheid is oor of die rekord bestaan, al dan nie.
- In die geval van rekords wat reeds by die Nasionale Argiewe van Suid-Afrika is, sal die rekords ooreenkomstig met die wette toepaslik op die lees van sodanige inligting, beskikbaar gemaak word.
    - Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wetnr. 2 van 2000)
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wetnr. 84 van 1982)
    - Wet op Nasionale Argief en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 (Wetnr. 43 van 1996).

4.1 Vrywillige bekendmaking

Inligting oor die volgende onderwerpe is sonder 'n formele versoek, soos in PAIA voorgeskryf, beskikbaar:[6]

4.1.1 NERSA se publikasies en jaarverslae

4.1.2 Algemene inligting aangaande NERSA en inligting aangaande die gelewerde dienste

4.1.3 Inligting beskikbaar op NERSA se webwerf by www.nersa.org.za, waaronder:

4.1.3.1 wetgewing met betrekking tot NERSA;

4.1.3.2 besluite deur die energiereguleerder geneem;

[6] Artikel 15 van die *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting* Wetnr. 2 van 2000

4.1.3.3 redes vir die besluite deur die energiereguleerder geneem; en
4.1.3.4 dokumentasie oor beskikbare tenders en boddokumentasie.

Let wel: 'n Afspraak om dokumentasie te besigtig sal steeds met die inligtingsbeampte of die adjunkinligtingsbeampte gemaak moet word, nieteenstaande bogenoemde, alhoewel 'n formele aansoek nie ingedien hoef te word nie.

4.2 Inligting wat formeel versoek moet word

NERSA hou inligting wat verband hou met die volgende onderwerpe, wat ingevolge die Wet, formeel versoek moet word.[7] Insluiting van enige onderwerp of kategorie behoort nie as 'n aanduiding geag te word dat rekords wat in daardie onderwerpe en/kategorieë val ingevolge die Wet beskikbaar gestel sal word nie.[8] Sekere redes vir weiering, soos in die Wet uiteengesit, mag in die besonder toepaslik vir sodanige rekords wees. Onder andere, rekords wat deur 'n derdeparty as vertroulik geag word, sal, bykomend tot normale vereistes, toestemming van die betrokke derdeparty vereis voordat NERSA toegang sal oorweeg.

Die volgende is inligtingskategorieë waarvoor daar 'n formele versoek aan NERSA gerig moet word.

4.2.1 Finansies en administrasie

4.2.1.1 Notules van die energiereguleerder se vergaderings (nie-vertroulike dele)
4.2.1.2 Notules van subkomiteevergaderings
4.2.1.3 Notules van personeelvergaderings en/of bestuursvergaderings
4.2.1.4 Rekeningkundige rekords, -boeke en -dokumente
4.2.1.5 Tussentydse en jaarlikse finansiële rekords
4.2.1.6 Besonderhede van ouditeure
4.2.1.7 Eksterne ouditeursverslae
4.2.1.8 Diensvlakooreenkomste
4.2.1.9 Huurders en konsessiehouers se huurooreenkomste

[7] *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wetnr.2 van 2000.*
[8] *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wetnr.2 van 2000.*

4.2.1.10 Aanvoerkettingbestuursbeleid

4.2.1.11 Bod-evalueringskomitee se notules en puntetellings

4.2.1.12 Bod-beoordelingsnotules

4.2.1.13 Boddokumente

4.2.1.14 Werknemers se betaalstrokies

4.2.2 Menslike Hulpbronne

4.2.2.1 Organisatoriese struktuur

4.2.2.2 Diensbillikheidsplan

4.2.2.3 Menslike hulpbronbeleid

4.2.2.4 Ooreenkomste met vakbonde

4.2.2.5 Dissiplinêre rekords en dokumentasie aangaande dissiplinêre verrigtinge

4.2.2.6 Werknemers se persoonlike lêers

4.2.3 Ander dokumentasie

4.2.3.1 Lisensies en algemene voorwaardes

4.2.3.2 Redes vir die energiereguleerder se besluite (nie-vertroulike dele)

4.2.3.3 Ander dokumente verwant aan die lisensie-aansoeke of wat bykomend tot die aansoeke is

4.2.3.4 Tariewe en verwante dokumente

4.3 Versoekprosedure

4.3.1 Die versoeker moet die volgende nakom voordat hul versoek om inligting oorweeg sal word:

4.3.1.1 Die versoeker moet alle prosedurele vereistes in die Wet wat met die versoek om toegang tot die rekord verband hou, nakom.

4.3.1.2 Die versoeker moet verseker dat toegang tot daardie rekord nie om enige rede vir weiering wat in die Wet gestel word, geweier word nie.[9]

4.3.1.3 Die versoeker moet **Vorm A**, in **Bylaag 2** van dié handleiding gebruik om inligting te versoek.

[9] *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wetnr.2 van 2000.*

4.3.2 ’n Besluit sal binne die voorgeskrewe 30 kalenderdae gemaak word sodra ’n volledige versoek ontvang is. Dié tydperk mag egter onder sekere omstandighede met nog 30 dae deur die adjunkinligtingsbeampte verleng word.

4.3.3 Die versoeker sal ingelig word indien toegang tot NERSA se rekords NERSA gegun word, en versoek word om die voorgeskrewe toegangsfooie, soos in **Bylaag 1** uiteengesit, te betaal voordat toegang verleen word.

4.3.4 As die versoeker vir toegang in ’n spesifieke vorm vra, behoort die versoeker toegang te verkry op die wyse wat versoek is, tensy dit onredelik met NERSA se bedrywighede sal inmeng of die rekord sal beskadig of inbreuk op die regte van ’n derdeparty sal maak. As toegang om praktiese redes nie in die vereiste vorm gegee kan word nie, maar op alternatiewe wyse gegee kan word, sal die fooi volgens die wyse waarop dit oorspronklik versoek is, bereken word.[10]

4.3.5 Die versoekfooi van R100 moet in NERSA se bankrekening betaal word en bewys daarvan moet aan die adjunkinligtingsbeampte gestuur word, tensy die versoek deur ’n persoonlike versoeker of ’n persoon wat ’n vrystelling eis, gerig word. Deel E van Vorm A moet voltooi word om ’n gratis vrystelling wat ingevolge Artikel 22(8) van PAIA deur die Minister toegestaan word, te eis.

4.3.6 As die versoeker, bykomend tot ’n geskrewe antwoord op hulle versoek vir die rekord, op enige ander wyse oor die besluit ingelig wil word, moet dit aangedui word.[11]

4.3.7 As ’n versoeker die inligting namens iemand anders versoek, behoort die hoedanigheid waarin die versoek gerig word, aangedui word.[12]

4.3.8 Die versoek om die rekord kan mondelings gedoen word as ’n versoeker nie kan lees of skryf nie of ’n gestremdheid het. Die inligtingsbeampte moet dan die vorm namens sodanige versoeker invul en aan hom/haar ’n afskrif gee.[13]

[10] Artikel 29(3) en (4) van die *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wetnr. 2* van 2000. A
[11] Artikel 18(2)(e) van die *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wetnr. 2* van 2000.
[12] Artikel 18(2)(f) van die *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 Wetnr. 2* van 2000.
[13] Artikel 18(3) van die *Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting*, *Wetnr. 2* van 2000

4.4 Regsmiddele beskikbaar aan versoeker wanneer NERSA weier om inligting te verskaf

Die Wet maak voorsiening vir interne en eksterne appèlprosedures sou NERSA weier om inligting aan die versoeker te verskaf.

(i) Interne appèl

Enige versoeker wat verontreg voel, kan **Vorm B**, **aangeheg** as **Bylaag 3** in dié handleiding, invul en intern teen die besluit deur die inligtingsbeampte aan die energiereguleerder appelleer. Die uitslag van die appèl sal binne ’n redelike tyd aan die versoeker bekend gemaak word.

(ii) Eksterne appèl

’n Versoeker wat nie tevrede met die uitslag van die interne appèl en weiering om inligting bekend te maak is nie, mag binne 30 kalenderdae van kennisgewing van die besluit, by die Hooggeregshof aansoek om regshulp doen.

’n Derdeparty wat ontevrede is met die inligtingsbeampte se besluit om ’n versoek om inligting te verskaf, mag eweneens binne 30 dae van kennis van hulle grief, by die Hooggeregshof aansoek om regshulp doen.

HOOFSTUK 5

5. BESKIKBARE DIENSTE

5.1 AARD VAN DIENSTE

NERSA bied die volgende dienste ingevolge sy wetgewende mandaat aan:

5.1.1 Elektrisiteit

5.1.1.1 Reik lisensies uit vir opwekking, transmissie, verspreiding, handel; en in- en uitvoere

5.1.1.2 Reik lisensies uit vir handelaars

5.1.1.3 Opstel van tariewe

5.1.1.4 Ontwikkel tariefmetodologieë

5.1.1.5 Evalueer en keur tariefaansoeke deur lisensiehouers goed

5.1.1.6 Ontwikkel van prysbepalingsraamwerke

5.1.1.7 Beplan die land se toekomstige elektrisiteitsaanvraag

5.1.1.8 Bevorder alternatiewe elektrisiteitsopwekking

5.1.1.9 Bevorder vraagkantbestuur en energiedoeltreffendheid

5.1.1.10 Ontwerp die regulerende raamwerk vir die bekendstelling van die streeksnetwerke vir elektrisiteitsverspreiding

5.1.1.11 Bemiddel tussen opwekkers, senders, verspreiders, klante of eindverbruikers

5.1.1.12 Onderneem ondersoeke oor lisensiehouers se aktiwiteite

5.1.1.13 Voer enige ander daad wat daarmee verband hou, uit.

5.1.2 <u>Petroleumpyplyne</u>

5.1.2.1 Reik lisensies uit vir die bou en bestuur van petroleumpyplynfasiliteite

5.1.2.2 Versamel inligting oor petroleumpyplyne en -bergingsfasiliteite en -laaifasiliteite

5.1.2.3 Verseker ordelike ontwikkeling en veiligheid van die petroleumpyplynbedryf se toevoer.

5.1.2.4 Kontrole van nakoming tot die Wet op Petroleumpyplyne en regulasies

5.1.2.5 Bemagtig derdepartytoegang tot petroleumfasiliteite

5.1.2.6 Ontwikkel tariefmetodologieë vir die petroleumpyplyne en die -bergingsfasiliteite en -laaifasiliteite

5.1.2.7 Evalueer en stel tariewe vir petroleumpyplyne en keur tariewe vir petroleumlaai- en bergingsfasiliteite goed

5.1.2.8 Versamel sekere data oor die bedryf.

5.1.3 Pypgas

5.1.3.1 Reik lisensies uit vir die bou, omskakeling en bedryf van pypgasfasiliteite, en die handel in gas

5.1.3.2 Versamel inligting oor alle pypgasaktiwiteite vir genoegsame beplanning en veiligheid van toevoer

5.1.3.3 Kontroleer en keur pypgastariewe vir berging en geleiding goed

5.1.3.4 Pas derdepartytoegangsbeleide toe

5.1.3.5 Meet van gas wat in Suid-Afrika inkom.

5.2 HOE OM TOEGANG TOT DIÉ DIENSTE TE VERKRY

NERSA is toegewyd daaraan om dienste ooreenkomstig sy missiestelling, wat as volg lees, te verskaf:

Om die energiebedryf ingevolge regeringswette en -beleide, standaarde en internasionale beste praktyke te reguleer, ter ondersteuning van volhoubare en ordelike ontwikkeling.

5.2.1 'n Potensiële lisensiehouer (met die doel om 'n lisensie te verkry vir enige van die aktiwiteite wat deur NERSA gereguleer word), enige ander lid van die publiek en belanghebbendes, kan toegang tot die dienste verkry deur:

5.2.1.1 'n aansoek om enige van die aktiwiteite wat deur NERSA gereguleer word, in te vul;

5.2.1.2 deel te neem aan openbare verhore en kommentaar in te dien wanneer sodanige kennisgewings uitgegee word; en

5.2.1.3 'n klag te lê en bemiddeling deur NERSA te versoek.

5.2.2 Meer inligting oor NERSA en die beskikbare dienste kan verkry word deur:

5.2.2.1 NERSA se webwerf by www.nersa.org.za te besoek;

5.2.2.2 NERSA se straatadres by Kulawula-huis, Madibastraat 526, Arcadia, Pretoria, te besoek; of

5.2.2.3 NERSA se kontaksentrum by +27 12 401 4600 te skakel.

5.2.3 KLAGTES AAN DIE INLIGTINGSREGULEERDER

5.2.3.1 'n Versoeker of derdeparty mag slegs ingevolge hoofstuk 1A van PAIA 'n klag by die Inligtingsreguleerder indien nadat daardie versoeker of derdeparty die interne appèlprosedure teen 'n besluit van die Inligtingsbeampte, uitgeput het.

5.2.3.2 'n Klag aan die Inligtingsreguleerder moet skriftelik wees en 'n klagvorm moet aanlyn of met die hand voltooi word. 'n Klagvorm kan op die Inligtingsreguleerder se webwerf by www.inforegulator.org.za afgelaai word.

HOOFSTUK 6

6. REËLING VIR DIE TOELATING VAN OPENBARE DEELNAME IN DIE UITVOER VAN NERSA SE MANDAAT

Die Wet op die Nasionale Energiereguleerder maak voorsiening vir openbare deelname deur te stel dat elke besluit van die energiereguleerder skriftelik moet wees en, meer belangrik, dat die besluit geneem moet word deur 'n prosedureel billike proses te gebruik waartydens geaffekteerde persone die geleentheid het om hul mening te lug en toepaslike feite en bewyse aan die energiereguleerder voor te lê.[14]

NERSA kom bogenoemde na deur twee prosesse ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wetnr. 2 van 2000) (PAJA), te gebruik. Dié prosesse is:

(i) openbare verhore; en
(ii) kennisgewing- en kommentaarprosedure.

6.1 Openbare verhore

NERSA hou openbare verhore oor sake en lisensie-aansoeke wat die publiek raak. NERSA plaas 'n advertensie van die openbare verhore wat die datum, tyd en plek van die openbare verhoor noem en versoek dat enige persoon wat hul opinie by die openbare verhoor wil lug, dit vir die voorsitter van die subkomitee wat die vergadering belê, aandui. Die reëls vir openbare verhore is op versoek by NERSA se kantore beskikbaar.

6.2 Kennisgewing- en kommentaarprosedure

Kennis sal aan die aansoeker gegee word indien NERSA van mening is dat 'n aansoek die regte van die publiek ongunstig raak, en lede van die publiek sal dan versoek word om hulle kommentaar na die energiereguleerder te stuur. As die

[14] A 10 (1)(d) van Wetnr. 40 van 2004

energiereguleerder van mening is dat ’n openbare verhoor gebaseer op die kommentaar wat ontvang is vir mondelinge bewyse gehou moet word, sal die prosedure dan omgeskakel word na ’n openbare verhoor en regsvoorskrifte sal gevolg word.

HOOFSTUK 7

7. INLIGTING AANGAANDE DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING SOOS IN ARTIKEL 14(1)(C) VAN PAIA OORWEEG

7.1 **NERSA verwerk vir die volgende redes persoonlike inligting van datapersone wat in paragraaf 4.2 bepaal is:**

Datapersone	Kategorieë van persoonlike inligting
Werknemers en werkaansoekers	- Identiteitsnommer en name, huwelikstatus vir kriminele kontrolering en pensioenadministrasie - Kwalifikasieverifikasie en -oudits - Kredietinligting en betalingsgeskiedenis - Verifikasie van werknemers wat met die Staat besigheid doen. - Algemene sake verwant aan werknemers (algemene voordele, pensioen, mediese fonds, dissiplinêre aksie, verlofbestuur, prestasiebestuur, opleiding, sekuriteitsklaring - Verwysings van vorige werkgewers - Persoonlike bankrekeningsinligting - Enige ander inligting wat redelikerwys verkry word en verband hou met indiensname of moontlike indiensnameverhouding.
Bieërs, verkopers, verskaffers en diensverskaffers	- Identiteit- en/of maatskappy-inligting en direkteursinligting - Name van kontakpersone - Straat- en posadres; kontakbesonderhede [kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres] - Registrasienommers; finansieel, kommersieel - Wetenskaplike of tegniese inligting - Bedryfsgeheime, finansiële en bankinligting - Inligting oor produkte of dienste - Inligting verwant aan belastingstatus en breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingstatus - Verifieer inligting en voer verwysings- en ander voorgeskrewe kontrole uit - Nakoming tot die organisasie se regulerende en ander verpligtinge

Datapersone	Kategorieë van persoonlike inligting
	- Verskaffersfakture - Ander inligting wat nie in besonder genoem is nie, maar wat vereis word om vir besigheidsbedrywighede verwerk te word.
Persone wat ingevolge PAIA, die POPI-wet aansoek doen	- Identiteit- en/of maatskappy-inligting en direkteursinligting, aandeelhouers - Name van kontakpersone - Straat- en posadres; kontakbesonderhede (kontaknommer, faksnommer, e-posadres) - Registrasienommer, finansiële, kommersiële en belastinginligting - Wetenskaplike of tegniese inligting en bedryfsgeheime - Finansiële en bankinligting, inligting oor produkte of dienste - Breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigings- en stigtingsakte-inligting - Ander inligting wat nie in besonder genoem is nie, maar wat ingevolge energieverwante wetgewing verwerk moet word

7.2 Ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie persoonlike inligting ook verskaf mag word

NERSA mag ook die persoonlike inligting van datapersone verskaf aan:

a) enige persoon wat ingevolge wetgewing daarop geregtig is om toegang daartoe verkry;
b) enige regulerende owerheid of regbank, ten aansien van enige saak of gedeelte daarvan wat binne hul regsbevoegdheid val;
c) wetstoepassingsagentskappe, soos die Nasionale Vervolgingsgesag;
d) die Suid-Afrikaanse Polisiediens, vir kriminele ondersoek; en
e) die howe, ten aansien van enige saak onder regterlike hersiening.

7.3 Inligtingsbeveiligingsmaatreëls

NERSA sal veiligheidsprotokolle in plek stel om persoonlike inligting teen onregmatige toegang te beskerm en die volgende meganismes sal geïmplementeer word:

- Korrekte klassifikasie van inligting is opgeteken, aangesien werknemerdata as 'persoonlike inligting' of 'spesiale persoonlike inligting' geklassifiseer word.
- Veiligheidsprotokolle om ongemagtigde toegang tot inligting te verhoed deur rekenaar- en netwerksekuriteitsmaatreëls te implementeer, soos wagwoorde, die implementering van brandmure, die installering van teenvirusbeskerming, die versekering van databeskerming deur data veilig te enkodeer en verwerking van persoonlike inligting, die beveiliging van skootrekenaars en rekenaars deur wagwoorde of biometrika en beveiliging van die virtuele private netwerk (VPN).
- Protokolle wat geïnstitusionaliseer sal word om werknemers of ander persone in kennis te stel wanneer hulle persoonlike inligting in die gedrang is of wanneer daar 'n privaatheidsverbreking is.
- Strenger sekuriteitsprotokolle word aangeneem om derdepartytoegang tot die kantooromgewing, rekenaarnetwerk, stelsel, toepassingsagteware, data of ander hulpbron, te beperk.
- Beide die datapersoon en die Inligtingsreguleerder moet, in die geval van 'n databreuk, in kennis gestel word sodra daar redelike gronde is om te glo dat 'n ongemagtigde party onwettig toegang tot persoonlike inligting verkry het of dit die inligting bekom het.

7.4 Oorgrensvloei van persoonlike inligting

Die POPI-wet maak daarvoor voorsiening dat persoonlike inligting slegs uit die Republiek van Suid-Afrika oorgeplaas mag word as:

- die ontvangerland aan sodanige data 'n 'genoegsame vlak' van beskerming kan bied;
- die ontvangerland genoegsame sekerheidstelling gebied het en op voorwaarde dat afdwingbare datapersoonsregte en doeltreffende regsmiddele vir datapersone beskikbaar is;

- die ontvangerland in ’n regsgebied is wat onderhewig is aan ’n wet wat wesenlik dieselfde of soortgelyke vlak van beskerming aan ’n datapersoon as die POPI-wet verskaf; die derdeparty wat die ontvanger van die inligting is, is onderhewig aan ’n wet, bindende korporatiewe reëls of ’n bindende ooreenkoms wat ’n genoegsame vlak van beskerming bied; of
- die datapersoon toestemming vir die oordrag van hul persoonlike inligting gee.

HOOFSTUK 8

8. ALLERLEI

8.1 Dié handleiding sal beskikbaar wees by:

8.1.1 NERSA se webwerf (www.nersa.org.za);

8.1.2 Die kantoor van die Menseregtekommissie;

8.1.3 NERSA se kantore; en

8.1.4 elke plek van pliglewering soos in Artikel 6 van die Wet op Pliglewering, 1997 (Wetnr. 54 van 1997) ('die Wet op Pliglewering').

Dié plekke, ingevolge die Wet op Pliglewering[15] is:

a) Die Stad van Bloemfontein se Openbare Biblioteek, Bloemfontein;

b) Die Parlementsbiblioteek, Kaapstad;

c) Die 'Natal Society'-biblioteek, Pietermaritzburg;

d) Die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad;

e) die Staatsbiblioteek, Pretoria;

f) die Nasionale Film-, Video- en Klankargief, Pretoria (sekere kategorieë); en

g) enige ander biblioteek of instansies deur die Minister voorgeskryf.

8.2 Dié handleiding sal na drie (3) jaar opgedateer word en 'n hersiene weergawe sal by die Inligtingsreguleerder se kantoor afgelewer word.

8.3 Dié handleiding sal in vier (4) van die amptelike tale wat in Suid-Afrika gepraat word, beskikbaar wees om optimale toeganklikheid te verseker, naamlik:

- Engels
- Afrikaans
- Sesotho
- IsiZulu.

[15] 54 van 1997

NATIONAL ENERGY REGULATOR OF SOUTH AFRICA

BYLAE

1. VOORGESKREWE FOOIE
2. VOORGESKREWE VORM VIR TOEGANG TOT REKORDS [VORM A]
3. INTERNE APPÈLVORM [VORM B]

BYLAAG 1

FOOIE TEN AANSIEN VAN OPENBARE LIGGAME

Die bylaag van fooie toepaslik op toegangsversoeke word hieronder uiteengesit.

Nommer	Fooibeskrywing	Rand (R)
1.	Versoekfooi betaalbaar deur elke versoeker, behalwe persoonlike versoekers	R100.00
2.	Afskrif van A-4-grootte bladsy	R1.50 per bladsy of deel van ’n bladsy
3.	Uitdruk van A-4-grootte bladsy	R1.50 per bladsy of deel van ’n bladsy
4.	Vir ’n afskrif wat rekenaarleesbaar is: (i) geheuestokkie (moet deur versoeker verskaf word) (ii) kompakskyf (CD) - Indien deur versoeker verskaf - Indien aan die versoeker verskaf	 R40.00 R40.00 R60.00
5.	Vir ’n transkripsie van visuele beelde per A-4-grootte bladsy	Diens sal uitgekontrakteer word. Sal afhang van diensverskaffer se kwotasie
6.	Afskrif van visuele beelde	R60.00
7.	Transkripsie van oudiorekord, per A4-grootte bladsy	R24.00

8.	Afskrif van oudiorekord op: (i) geheuestokkie (moet deur versoeker verskaf word) (ii) kompakskyf - Indien deur versoeker verskaf - Indien aan die versoeker verskaf	 R40.00 R40.00 R60.00
9.	Om die rekord te soek en dit voor te berei vir bekendmaking vir elke uur of gedeelte van ’n uur wat redelikerwys vir sodanige soektog en voorbereiding vereis word, met die eerste uur uitgesluit. Sal nie dié koste oorskry nie	R100.00 R300.00
10.	Deposito: As soektog meer as ses ure duur	Een-derde van die bedrag per versoek Volgens item 2 tot 8 bereken
11.	Pos, e-pos of enige elektroniese oordrag	Werklike uitgawe, indien enige

Betaalmetode

NERSA sal betaling deur die volgende metodes aanvaar:

- Direkte deposito’s
- Elektroniese fondsoordragte

Bankbesonderhede

Rekeningnaam: Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika

Banknaam: Standerd bank

Rekeningnommer: 011228547

Takkode: 010845

Tipe rekening: Besigheidslopende rekening

BYLAAG 2

VORM A

VERSOEK OM TOEGANG TOT REKORDS VAN OPENBARE LIGGAAM

[Artikel 18(1) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wetnr. 2 van 2000)]

(Regulasie 6)

VIR DEPARTEMENTELE GEBRUIK

Verwysingsnommer:

Versoek ontvang deur:

_____

(Inligtingsbeampte/adjunkinligtingsbeampte se naam en van)

op _____ (datum) by _____ (plek)

Versoekfooi (indien enige): R _____

Deposito (indien enige): R _____

Toegangsfooi: R _____

_____

Inligtingsbeampte/adjunkinligtingsbeampte se handtekening

A Besonderhede van staatsliggaam

Die Inligtingsbeampte/adjunkinligtingsbeampte:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

B **Besonderhede van persoon wat toegang tot die rekord versoek**

(a) Die besonderhede van die persoon wat toegang tot die rekord versoek moet hieronder aangedui word.

(b) Die adres en/of faksnommer in die Republiek waarheen die inligting gestuur moet word, moet aangedui word.

(c) Bewys van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word, indien toepaslik, moet aangeheg word.

Volle naam en van: _____

Identiteitsnommer: _____

Posadres: _____

Faksnommer: _____

Telefoonnommer: _____

E-posadres: _____

Hoedanigheid waarin versoek gerig word wanneer dit namens iemand anders gerig word:

C. Besonderhede van persoon namens wie die versoek gerig word

Dié afdeling moet SLEGS voltooi word indien 'n versoek om inligting namens 'n ander persoon gerig word.

Volle naam en van: _____

Identiteitsnommer: _____

D. Besonderhede van rekord:

(a) *Verskaf volledige besonderhede van die rekord waarna toegang versoek word, insluitend die verwysingsnommer indien dit aan u bekend is, om sodoende die rekord op te spoor.*

(b) Gaan asseblief voort op 'n aparte bladsy en heg dit aan die vorm, indien die verskafde ruimte nie voldoende is nie.

Die versoeker moet alle bykomende bladsye onderteken.

1 Beskrywing van rekord of toepaslike deel van die rekord:

_____

2 Verwysingsnommer, indien beskikbaar:

_____

3 Enige verdere besonderhede van rekord:

_____

E. Fooie

(a) 'n Versoek om toegang tot 'n rekord, buiten 'n rekord wat persoonlike inligting oor uself bevat, sal slegs nadat 'n versoekfooi betaal is, verwerk word.

(b) U sal in kennis gestel word van die bedrag wat as die versoekfooi betaal moet word.

(c) Die fooi wat betaalbaar is om toegang tot 'n rekord te verkry hang af van die vorm waarin dit vereis word en die redelike tyd wat vereis word om 'n rekord te soek en dit voor te berei.

(d) Gee asseblief die rede vir vrystelling, as u vir vrystelling van die betaling van enige fooi kwalifiseer.

Rede vir vrystelling van die betaling van fooie:

_____

_____

_____

F. Vorm van toegang tot rekord

As u deur ’n gestremdheid verhoed word om die rekord in die vorm waarvoor daar in 1 tot 4 hieronder voorsiening gemaak word te lees, te besigtig of daarna te luister, meld u gestremdheid en dui aan in watter vorm die rekord vereis word.

Gestremdheid:	Vorm waarin rekord vereis word:

Merk die gepaste boks met ’n **X**.

NOTAS:

(a) Nakoming van u versoek om toegang in die genoemde vorm mag afhang van die vorm waarin die rekord beskikbaar is.

(b) Toegang in die versoekte vorm mag onder sekere omstandighede geweier word. U sal in sodanige geval inlig word as toegang in ’n ander vorm toegestaan sal word.

Die betaalbare fooi, indien enige, vir toegang tot die rekord sal gedeeltelik deur die vorm waarin toegang vereis word, bepaal word.

1. Indien die rekord geskryf of gedruk is:

	afskrif van rekord*		besigtiging van rekord

2. Indien die rekord uit visuele beelde bestaan:
(Dit sluit foto’s, skyfies, video-opnames, rekenaargegenereerde beelde en sketse in):

	besigtig die beelde		afskrif van die beelde*		transkripsie van die beelde*

3. Indien die rekord bestaan uit opgeneemde inligting wat in klank gereproduseer kan word:

	luister na die klankbaan (oudiokasset)		transkripsie van klankbaan* (geskrewe of gedrukte dokument)

4. Indien die rekord op ’n rekenaar of in ’n elektroniese of masjienleesbare vorm is:							
	gedrukte afskrif van rekord		gedrukte afskrif van inligting vanuit die rekord verkry*		afskrif in rekenaarleesbare vorm* (stiffie of kompakskyf)		
*Indien u ’n afskrif of transkripsie van ’n rekord (hierbo) versoek het, wil u hê dat die afskrif of transkripsie aan u gepos moet word? **Posgeld is betaalbaar**						JA	NEE
Let wel dat toegang in die taal waarin die rekord beskikbaar is toegestaan mag word indien die rekord nie in die taal wat u verkies beskikbaar is nie.							
In watter taal sou u die rekord verkies?							

G. <u>Kennisgewing van besluit aangaande versoek om toegang</u>

U sal in kennis gestel word of u versoek goedgekeur/geweier is. As u op ’n ander wyse in kennis gestel wil word, spesifiseer asseblief die wyse en verskaf die nodige besonderhede om nakoming tot u versoek in staat te stel.

Hoe sou u verkies om ingelig te word van die besluit aangaande u versoek om toegang tot die rekord?

_____

_____

Geteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20_____.

_____

HANDTEKENING VAN VERSOEKER/PERSOON NAMENS WIE DIE VERSOEK GERIG IS

BYLAAG 3

VORM B

KENNISGEWING VAN INTERNE APPÈL

[Artikel 75 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wetnr. 2 van 2000)]

(Regulasie 8)

VERWYSINGSNR.: _____

A. Besonderhede van staatsliggaam

Die inligtingsbeampte/adjunkinligtingsbeampte

_____

_____

_____

_____

B. Besonderhede van versoeker/derdeparty wat die interne appèl aanteken

(a) Die besonderhede van die persoon wat die interne appèl aanteken, moet hieronder aangedui word.

_____

_____

_____

_____

(b) Bewys van die hoedanigheid waarin die appèl aangeteken word, indien toepaslik, moet aangeheg word.

(c) As die appellant 'n derdeparty is en nie die persoon wat oorspronklik die inligting versoek het nie, moet die besonderhede van die versoeker hieronder aangedui word.

*Volle naam*_____

*Identiteitsnr.*_____

Posadres _____

Faks.nr. _____

*Telefoonnr.*_____

E-posadres

_____

Hoedanigheid waarin 'n interne appèl namens 'n ander persoon aangeteken word:

_____

C. Besonderhede van versoeker (voltooi SLEGS dié afdeling indien u as 'n derdeparty versoek, d.i. namens die versoeker)

Volle naam_____

Identiteitsnr. _____

D Die besluit waarteen die interne appèl aangeteken word

	*Merk die besluit waarteen die interne appèl aangeteken word met 'n **X** in die gepaste boksie*
	Weiering van toegangsversoek
	Besluit aangaande fooie ingevolge Artikel 22 van die Wet voorgeskryf
	Besluit aangaande die verlenging van die tydperk waarin 'n versoek ingevolge Artikel 26(1) hanteer moet word
	Besluit aangaande Artikel 29(3) van die Wet om toegang in die vorm wat deur die versoeker versoek is, te weier
	Besluit om toegangsversoek toe te staan

E. Gronde vir appèl

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

F. Kennisgewing van besluit van appèl

U sal skriftelik in kennis gestel word van die besluit oor u interne appèl. As u op 'n ander wyse in kennis gestel wil word, spesifiseer asseblief die wyse en verskaf die nodige besonderhede om nakoming tot u versoek in staat te stel.

Dui die wyse aan _____

Besonderhede van die wyse _____

_____

_____

Geteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20 ____

Handtekening van appellant _____

VIR KANTOORGEBRUIK

AMPTELIKE REKORD VAN INTERNE APPÈL

VERWYSINGSNR.: _____

Naam van inligtingsbeampte/adjunkinligtingsbeampte: _____

Appèl ontvang op: _____ deur _____

Rede vir appèl aangedui: Ja ____ Nee _____ (merk met ’n regmerkie)

UITSLAG VAN APPÈL

Energiereguleerder se besluit:

_____

_____

_____

_____

Datum waarop besluit geneem is:

_____

_____

_____

_____

Datum: _____

Handtekening:_____